

Publication: Burger, Die (Wes-Kaap) (KommentaarenOntleding)
Publication Date: 04 Dec 2018
Page: 10

AVE: 25393.27
Circulation: 47400
Part: 1 of 1

# Dalk moet EFF nie dekking kry

**Vlugskrif**
Amanda Gouws



Die EFF is 'n party wat net 6% van die steun in die laaste verkiesing gekry het, maar hy kry meer mediadekking as die amptelike opposisie – om al die verkeerde redes.

Daar is mense wat die EFF se populisme as links interpreteer (met ander woorde hul beskouing van die nasionalisering van myne en grond as sosialisties). Maar die EFF se belangstelling in nasionalisering het niks met linkse ideologie te doen nie – dit gaan oor eie gewin en om die steun van die mees gemarginaliseerdes te wen.

Die afgelope week het die EFF weer eens gewys dat sy lede se gedrag, en by uitstek die gedrag van sy leier, Julius Malema, fascisties met 'n rasse-nasionalisme as die vertrekpunt is. Soms is hul gedrag bloot boewery.

Die media word die *fourth estate* of die vierde pilaar van die demokrasie genoem. Sonder 'n vrye media sal 'n demokrasie sukkel om te oorleef.

In 'n internasionale konteks, met die opkoms van regse nasionalisme en pres. Donald Trump van Amerika se verguising van die media met sy voortdurende aanvalle en tipering van goeie beriggewing as "fopnuus", voer die media 'n wêreldwye stryd teen hierdie soort ondermyning.

In Suid-Afrika was dit ondersoekende joernalistiek wat in die mees beleërde ruimte gehelp het om apartheid op sy knieë te dwing.

In die groter konteks van die bevrydingstryd was dit vreeslose joernaliste (party het met hul lewens geboet) wat gehelp het om 'n demokratiese stelsel tot stand te bring.

Dit is ook ondersoekende joernalistiek wat uiteindelik tot oudpres. Jacob Zuma se ondergang gelei het. Malema en die EFF weet dit. Hulle weet ook dat joernaliste enige VBS-bande sal oopvlek, soos wat aan die gebeur is.

Dit is wanneer die EFF bedreig voel dat hy sy ware kleure wys – die gemene vuilbekkigheid waaraan ons al gewoond geraak het. En dit is juis die probleem – dat ons dit verwag.

Die ANC het Malema nooit berispe oor aanvalle op joernaliste toe hy nog die ANC-jeugligaleier was nie. Ook is die uitsprake van die gelykheidshof oor haatspraak nooit op hom afgedwing nie, want dit het die ANC gepas om die opstoker aan Zuma se kant te hê. Maar nou het Malema en sy bondgenote dit 'n stap verder geneem – om joernaliste, veral vrouejoernaliste, te dreig.

Pauli van Wyk en Ranjeni Munusamy is twee van die joernaliste wat gedreig is. Party word fisiek of aanlyn deur EFF-Twitter-*trolls* geboelie.

Malema se gedrag is in baie gevalle haatspraak, asook aanhitsing tot geweld. Dit is die twee grondwetlike gronde waarop vryheid van spraak ingeperk kan word.

Hoekom is Malema oënskynlik verhewe bo die reg? Ons verdra hierdie gedrag tot ons eie nadeel, want Malema en die EFF is die demokrasie se grootste bedreiging.

In hul regse nasionalisme is daar geen plek vir geslagsgelykheid nie. Vroue wat hom steun, is oënskynlik "bruikbare idiote".

Om in dié tydperk van 16 dae van aktivisme teen geweld teen vroue en kinders (of enige ander tyd), geweld teen vrouejoernaliste aan te hits, is tekenend van hul minagting van vroue én die konvensies van ondersoekende joernalistiek.

'n Meningspeiling onder 'n proefgroep van 1 300 Suid-Afrikaners, wat deur Citizen Surveys vir 'n projek van my leerstoel gedoen is, wys dat minder vroue (9%) as mans (16%) die EFF in die volgende verkiesing gaan steun. Dit sal almal wat die EFF steun, baat om na hul optrede teen joernaliste te kyk.

Miskien moet die media ophou om die EFF dekking te gee.

■ **Gouws is 'n professor in politieke wetenskap aan die Universiteit Stellenbosch.**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.